

GROOT TREK (B)

Graad 4



Die inhoud handel oor die tydperk toe die Boere uit die Oosgrens begin trek het (1835 tot 1838).

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die verhaal van die Groot Trek op 'n interessante wyse oor te dra.
2. Te laat besef hoe sy volk se verhaal ontvou het.
3. Bewus te maak van sy volk se verlede en sy herkoms.
4. Te laat besef dat hy baie het om op trots te wees.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet wat die redes was waarom die Groot Trek plaasgevind het en wie almal getrek het.
2. Deeglik kennis maak met die kleredrag van die tydperk.
3. Minstens 10 onderdele van die kakebeenwa ken.
4. Weet wat die gebruike ten opsigte van die gesinslewe, godsdiens, eetgewoontes, ontspanning, verdediging, kossoorte en kleredrag was.
5. Twee speletjies kan speel wat uit dié tydperk dateer.
6. Kennis maak met minstens vier gebruiksartikels uit die tydperk.
7. Weet wat die rol was wat hierdie gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het.
8. Kennis maak met die gelofte wat afgelê is tydens die Slag van Bloedrivier.
9. Kennis maak met minstens twee monumente/standbeelde wat die tydperk herdenk en waar moontlik besoek.
10. Een gereg eet wat tipies van die tydperk was.
11. 'n Handwerk artikel, wat tipies van die tyd is, maak, byvoorbeeld 'n waentjie, kerspitartikel, swepie vleg, kerse, kleiosse of lappop/strooiop.

C AANBIEDING

1. Vereistes 1, 4 en 7. Die inligting word deur 'n interessante vertelling aan die span meegedeel. Trekroetes kom in die graadwielboek voor. Gebruik dit.
2. Vereiste 2. Sketse, prente, foto's en werklike klere uit daardie tydperk is noodsaaklik om die aanbieding op te helder.
3. Vereiste 3. Duidelike sketse, prente, werklike wa of modelle van die wa moet gebruik word.
4. Vereiste 8. Weet wie het die gelofte afgelê, waar dit afgelê is en moet kan verduidelik hoekom.
5. Vereiste 9. Dit is belangrik dat die kind sal weet hoe die feite en gebeure van die Groot Trek sy lewe vandag raak.
6. Vereiste 10. Dit is nie nodig dat die kinders self die geregte voorberei nie, alhoewel hulle dit sal geniet om self roosterkoek, stokbrood en wors te braai.
7. Vereiste 5, 6 en 11. Opdrag duidelik.

8. Hierdie spesialisasie kan ook gedoen word met die Dorsland-trek as onderwerp en kennis gemaak word met die Swartbooisdrift monument. Bespreek wat is die rol van Josua 4:4-8.